

11 Augustus Johannes 1: 29-34, Galasiërs 2:19 en 20

(Teks: Dordtse Leerreëls 2:3 en 4)

Jesus Christus se dood het oneindige krag en waarde

Dink u soms: Ek is te 'n groot sondaar om verlos te word? My skuld is hemelhoog. Weet u wat? Die enigste volmaakte offer van die Seun van God, ja sy dood is van oneindige krag en waarde, oorfloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen. U sien, om een sondaar te verlos moes Christus God se hele toorn en straf teen die hele wêreld dra.

Natuurlik geld sy dood nie vir alle mense nie, want sy dood is nie vir almal bestem nie. Maar as gelowige kan u vir seker weet - Jesus se dood is kragtig genoeg ook vir u, veral ook omdat Christus 'n ware en volkome heilige mens is en terselfdertyd ook die eniggebore Seun van God, een wese met die Vader en die Heilige Gees.

As u egter nou dink: Ek moet nou my emmertjie vat en uit my vrye wil my deeltjie gaan skep uit "die see van verlossing wat Christus aan die Kruis verdien het," - vergeet daarvan. Geen mens kan of wil van nature verlos wees nie. Nee, Christus het met volle bewussyn vir ons gely en gesterf en nie net die moontlikheid vir verlossing geskep nie. Sy dood is oneindig waardevol want Hy het aan elkeen van sy kinders by name gedink toe Hy God se toorn en die vloek wat ons deur ons sondes verdien het gedra het. Bely daarom soos Paulus: Die Seun van God het sy liefde vir my bewys deur sy lewe vir my af te lê."

Sing Psalm 87:1 en 5

Ds. J. Venter (Brakpan)